N SOMERKERSFEES VIR ‘N SUID-AFRIKAANSE JESUS

Julian Müller

Preek gelewer te Pierre van Ryneveld, 18 November 2001

Natures Valley, 25 Desember 2001

Teks: Johannes 1:1-18

Koos du Plessis se lied *Somerkersfees* wat nou in die *Liedboek vir die kerk,* opgeneem is as lied 358, *Welkom, o stille nag van vrede,* het my weer van vooraf laat dink oor die betekenis van Jesus vir ons in ‘n ander hemisfeer, in ‘n ander kultuur, twee millenia na die geboorte in Betlehem. Sover ek weet is dit nou die eerste keer dat ons ‘n kerslied sing wat werklik eie is aan ons wêreld. Al die ander dierbare liedere, soos *Stille nag, heilige nag,* is tipies aan die noordelike halfrond en bring ‘n mens in die atmosfeer van ‘n winterkersfees. Dit pas by die kerkskaarte en kersversierings. Groen dennebome en misteltakkies met wit sneeu en rooi bessies. Ek dink dit het alles bygedra daartoe dat ons kersfees as iets vreemds en romanities ervaar. Vol misterie. ‘n Kersfees wat eintlik daartoe bydrae dat Jesus en die geboorteverhaal saam met al die ander sprokiesverhale van die wêreld in dieselfde mandjie beland.

Koos du Plessis se lied help ons om kersfees te laat tuiskom in hierdie suiderland. Hopelik kan Jesus ook beter tuiskom in hierdie land as ons kersfees bietjie meer inheems raak. Waar Du Plessis se liriek op kersfees konsentreer en nie soseer op Jesus se geboorte nie, gaan DJ Opperman in sy gedig, *Kersliedjie,* verder en plaas die “kindjie” binne die Suid-Afrikaanse konteks, binne-in Distrik Ses.

Drie outas het in die haai Karoo

die ster gesien en die engel geglo,

hul kieries en drie bondels gevat
en aangestryk met 'n jakkajspad

al agter die ding wat skuiwend skvn
op n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein,

oor die sink en die sak van Distrik Ses
vvaar n kersie brand in 'n stukkende fles,

en daar tussen esels en makriel
die krip gesien en neergekniel.

Die skaapvet, eiers en biltong
nederig gelê voor God se klong

en die Here gedank in gesang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red...

Oor die hele affêre het uit 'n hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek.

Tussen hakies kan mens hier ook verwys na ‘n film uit ‘n heel ander deel van die wêreld, *Jesus of Montreal,* maar wat eweneens ‘n poging was om Jesus te laat tuiskom in daardie stad.

Solank Jesus vir ons die Jesus van Betlehem en Nasareth bly, solank kersfees bloot die viering van die geboorte van die kindjie met die stralekrans in die romantiese stalletjie is, verstaan ons nog nie die essensie van die evangelie nie.

Hoewel dit belangrik is dat Jesus die “historiese Jesus” is wat op ‘n bepaalde plek en tyd in die geskiedenis gebore is en geleef het, is dit ewe belangrik om Hom nie slegs histories te verstaan nie. Die betekenis van Jesus is juis daarin geleë dat hy ‘n metafoor, of ‘n verduideliking, ‘n openbaring geword het van God se verhouding met hierdie wêreld.

Johannes, in sy unieke beskrywing van die geboorte van Jesus, help ons om hierdie dieper, simboliese, metaforiese betekenis van Jesus te verstaan. Hy help ons om te verstaan dat die Jesus-evangelie nie ‘n mooi storie is van God wat eenmaal aarde toe gekom het nie, maar die goeie boodskap van die ewige God wat so menslik naby ons kom, dat dit is asof Hyself sy tentjie teenaan ons s’n opslaan.

Jesus is God se kommunikasie met ons. Vreemde kommunikasie op ‘n onverwagse plek en manier. Net soos wat God toe op ‘n plek en manier gekom het wat die mense totaal onverhoeds betrap het, net so doen Hy dit steeds. Sy kommunikasie met ons is so menslik dat dit weer en weer nie “erken” en nie “aangeneem” (Johannes 1:10 en 11) word nie.

Kersfees wil nie vir ons die soetsappige storie vertel dat God gekom het nie, maar wil ons daaraan herinner om op die uitkyk vir God te wees. Hy kom in die mees onverwagte gedaante en hy praat deur die mees onverwagte stemme!

Ek weet nie waar en hoe God met jou in hierdie tyd praat nie. Maar kom ek vertel jou twee ervarings wat ek gehad het in die afgelope paar maande.

Die ander dag sit ek in ‘n kerklike vergadering waar ons vir die hele dag lank argumenteer en redeneer oor die vraagstuk “gelowig en gay?”. Een moment van daardie vergadering staan my helder voor oë. ‘n Vrou staan op en begin vertel van haar werk met gay mense, van die hartseer en die worsteling. Sy is self ‘n sielkundige en vanuit haar praktykervaring voer ons meë. Maar dan neem die verhaal ‘n skielike wending en skok sy ons as sy vertel dat sy self gay is. Sy vertel met trane van die wroeging en worsteling wat sy as jong christen – predikantsdogter - beleef het toe sy ontdek het sy is anders. Sy vertel van hoe sy haar seksuele oriëntasie uiteindelik aanvaar het en vandag gelukkig is en in ‘n vaste verhouding met ‘n maat van dieselfde geslag saam lewe. Sy vertel dat sy glo God is met haar en met hulle en dat sy elke dag sy nabyheid ervaar. Na sy gepraat het was daar ‘n langerige eerbiedige stilte om die tafel.

Toe kom een van die dominees aan die woord en met sogenaamde “Bybelse” argumente verduidelik hy waarom haar storie nie vir hom aanvaarbaar is nie. Dit was al vir my asof ek God méér deur die verwondbare vrou hoor praat het, as deur die logiese, beterweterige teologie van die dominee. Of het ek heeltemal verkeerd gehoor?

‘n Paar weke vroeër het ek in ‘n byeenkoms gesit waar gepraat is oor die kerke en hulle reaksie op die vigs-epidemie in ons land. Daar was ook ‘n vrou wat gepraat het. ‘n Swart vrou, wat Miv-positief is, met ‘n kindjie op die arm wat ook Miv-positief is. Haar man is ‘n paar maande tevore oorlede aan Vigs. Sy vertel hoedat sy, na sy dood, ‘n soort wonderwerk beleef het en weer heelwat beter geword het (sy lyk op die oomlik blakend gesond). Sy het toe die behoefte gehad om ierwers van haar nuwe beterskap te vertel en met mense te deel. Sy het gedink die beste plek om dit te doen is om na die kerk te gaan. By die kerk het sy haar storie vertel, maar toe gevind dat mense wegkyk en in die bank selfs van haar af wegskuif.

In die vrou se opregte verhaal van pyn en nie verwyt nie, het ek God se nabyheid gehoor en ervaar. Méér as in die ander deel van daardie selfde byeenkoms toe die teoloë ‘n lang en uitgerekte debat gehad het oor of die kerk net die boodskap van onthouding moet verkondig in vigsgeteisterde gebiede en of die kerk ook mense moet aanmoedig om kondome te gebruik?

Ek het na beide hierdie byeenkomste gegaan met die verwagting dat God se wil duidelik sou word uit een van die goeie studiestukke wat goed voorgedra sou word met logiese en klinkklare argumente. Maar ek het gevoel daar skyn “lig in die duisternis” (Johannes 1: 5) deur die verhale van twee vroue, twee vroue wat voel hulle het nie ‘n plek in die samelewing en in die kerk nie.

Is dit nie die boodskap van kersfees nie? God kom nie in Herodes se paleis nie, maar in ‘n stinkende skaapkraal, hy kom nie in die gedaante van ‘n slim Skrifgeleerde nie, maar in die gedaante van ‘n pap babatjie. Die Messias word voorspel, maar as hy kom is hy so menslik onherkenbaar dat daar aanstoot aan hom geneem word. Hy kom in Betlehem en nie in Jerusalem nie. Hy kom in Distrik Ses waar die bantam-hoendertjie die getuie is, en nie noodwendig in die volgepakte kerk nie. En ek dink ek het iets van kersfees ervaar toe die wit vrou wat gay is en die swart vrou wat Miv-positief is, gepraat het.

As kersfees ons hierdie jaar kan help om nie op die verwagte, vanselfsprekende plekke vir God te soek nie, maar om Hom te ontdek op die onverwagte, menslike en selfs skokkende plekke, dan het ons waarlik die geboorte van Jesus van Nasaret gevier!